

# Die Openbaring van Henog

Hierdie Apokriewe boek was vroeër deel van die Kanon; dus in ons Bybel opgeneem, maar is later jare deur kerkleiers uitgehaal. Dit is egter 'n noodsaaklikheid om te lees en sal die leser goeie insig gee oor veral God se Skeppingsproses.

Die gedeelte uit die Boek van Noag, ook 'n Apokriewe boek, sluit ter inligting goed aan by Die Openbaring van Henog

*“En die boeke wat ek (Henog) aan julle gegee het, moet dit nie wegsteek nie: verduidelik dit aan almal wat die begeerte het om daarin te kyk, want hulle mag miskien die werke van God herken... En (God se opdrag aan Henog) gee hierdie boeke deur na julle kinders, en sien toe dat julle kinders dit deurgee aan hulle kinders en aan al julle bloedverwante en al julle geslagte... en uit hulle kinders sal 'n ander nageslag verrys. Dan, in die loop van daardie geslag, sal die boeke wat jy (Henog) en jou vader geskryf het, openbaar gemaak word; want die bewakers van die aarde sal die boeke toon aan manne van geloof, en die boeke sal aan daardie geslag verduidelik word en dit sal hoër geag word as vantevore... en hulle sal dit ontvang en sal meer vreugde daaruit put as uit enige uitsoekkosse, en hulle sal dit lees en vashou daaraan”.*

## Inhoud

HOOFSTUK	BLADSY
1. Henog ontmoet die engele	5
2. Henog se opdragte aan sy seuns	7
3. Henog word in die hemel opgeneem	8
4. Die tweede hemel	9
5. Die derde hemel	10
6. Die vierde hemel	13
7. Die vyfde hemel	18
8. Die sesde hemel	20
9. Die sewende hemel	21
10. Henog word onderrig en skryf boeke	24
11. Henog sit aan God se linkerhand	26
12. Henog word na die aarde teruggestuur	37
13. Henog se afskeidsrede	38
14. Metúsalag roep die oudstes bymekaar	50
15. Henog praat met die oudstes vd volk	51
16. Die volk groet Henog	54
17. Henog praat met die volk	55
18. Henog word weer in die hemel opgeneem	57
19. Die bepaalde tyd vir Henog op aarde	58
20. Metúsalag bou 'n altaar	59
21. Metúsalag word Hoëpriester	60
22. God verskyn aan Metúsalag	63
23. Nir se vrou sterf en 'n seun word gebore	67
<b>'n Fragment uit Die Boek van Noag</b>	<b>73</b>

# DIE OPENBARING VAN HENOG

## HOOFSTUK 1

### Henog ontmoet die engele

Daar was 'n wyse man, 'n groot vakman, en God het hom liefgekry en hom aangeneem, dat hy die allerhoogste woonplekke sou aanskou en dat hy ooggetuie sou wees van die wyse en groot en onbegryplike en onmeetlike koninkryk van die Almagtige God; ooggetuie van die wonderbaarlike en glorieryke en helder en veelvuldige status van die diensknegte van God, en van die ontoeganklike troon van God en van die grade en openbaringe van die geestelike leerskare, en van die onuitspreeklike bediening van die menigte van die elemente en van die onderskeie gedaantes en die onuitspreeklike sang van die gees van kareebome en van die grenslose lig.

2 In daardie tyd, het hy gesê, toe my 165ste jaar voltooi was, het ek my seun Metúsalag verwek.

3 Hierna het ek ook tweehonderd jaar geleef en het van al die jare van my lewe driehonderd vyf-en-sestig jare voltooi.

4 Op die eerste dag van die eerste maand, was ek alleen in my huis en ek het op my bed gerus en geslaap.

5 Terwyl ek op my bed gerus het, het 'n groot ontsteltenis in my hart opgekom sodat ek in my slaap geween het, en ek kon nie verstaan waarom ek so ontsteld was of wat met my gebeur nie.

6 Toe het daar twee manne aan my verskyn, baie groot, soos wat ek nog nooit op aarde gesien het nie.

7 Hulle aangesigte was soos die skynende son, hulle oë het soos kerse gebrand, en uit hulle monde het iets gekom wat soos vuur gelyk het, en hulle klere was soos 'n verspreiding van skuim,

8 en hulle arms soos goue vlerke aan die koppenent van my bed. Hulle het my op my naam geroep.

9 Ek het uit my slaap wakker geword en die twee manne het werklik langs my gestaan.

10 Ek het haastig opgestaan en voor hulle neergebuig en my gesig was soos met ryp bedek uit vrees.

11 En die manne het aan my gesê: Wees dapper, Henog, en moenie vrees nie: die ewige God het ons na jou gestuur;

12 en kyk, jy sal saam met ons vandag opgaan in die hemel. En vertel aan jou seuns alles wat hulle op aarde in jou huis moet doen en laat niemand jou soek totdat God jou na hulle laat terugkeer nie.

13 Ek het hulle gehoorsaam en uitgegaan. Ek het my seuns Metúsaël en Rigim geroep en ek het aan hulle alles vertel wat die manne aan my gesê het.

## HOOFSTUK 2

### Henog se opdragte aan sy seuns voor sy vertrek

Ek het aan hulle gesê: Kyk, my kinders, ek weet nie waarheen ek gaan nie of wat van my sal word nie;  
2 En nou, daarom, my kinders, moenie julle van God wegkeer nie, maar leef julle lewes in die teenwoordigheid van God, en hou sy uitsprake;  
3 en moenie die offer vir jou saligheid weier nie, en God sal nie die werke van jou hande weier nie;  
4 moenie die gawes van God weier nie, en God sal jou nie sy besittings in jou stoorkamers weier nie;  
5 seën God vir die eerstelinge onder jou vee en jy sal vir ewig deur God geseën word;  
6 moet julle nie wegkeer van God nie, moet ook nie afgode aanbid wat nie die hemel of die aarde gemaak het nie:  
7 mag God in julle harte vrees vir Hom bevestig. En nou, my kinders, laat niemand na my soek totdat God my na julle laat terugkeer nie.

## HOOFSTUK 3

### Henog word in die hemel in opgeneem. Die eerste hemel

Nadat ek met my seuns gepraat het, het die twee manne my geroep en my op hulle vlerke geneem; en hulle het my tot in die eerste hemel gedra en daar neergesit.  
2 Hulle het aan my tweehonderd engele gewys wat die sterre en die sterrestelsels in die hemel beheer.  
3 En hulle het aan my 'n see gewys, baie groot, baie groter as die aardse see; en die engele het met hulle vlerke gevlieg.  
4 En hulle het aan my die skatkamers van die sneeu en ys getoon en die skrikwekkende engele wat die skatte beheer, en hulle het aan my die stoorkamers van die wolke, waaruit hulle kom, gewys, en waarheen hulle terugkeer.  
5 Hulle het aan my die skatkamer van die dou getoon, die voorkoms daarvan was soos die olie van die olyfbome; en ook die engele wat hulle skatte bewaak het, en hulle was soos al die blomme van die aarde.

## HOOFSTUK 4

### Die tweede hemel. Die engele wat op die groot oordeel wag

Daardie manne het my toe geneem en boontoe gelei na die tweede hemel.

2 En hulle het aan my die bewaakte gevangenes gewys van die onmeetbare oordeel, en daar het ek die engele gesien wat verdoem was; en ook het hulle aan my 'n duisternis getoon wat groter was as die aardse duisternis ... en hierdie engele was donker van aangesig, meer as die aardse donkerte, en hulle het deur al die ure aanhoudend geween.

3 En ek het aan die manne wat met my was, gesê: Hoekom word hulle so gefolter?

4 Die manne het my geantwoord: Hulle is diegene wat God versaaak het, wat nie God se bevele gehoorsaam het nie, maar wat gehandel het volgens hulle eie wil en afgedwaal het met hulle prins, wat ook vasgebind is aan die vyfde hemel.

5 En ek het 'n groot deernis vir hulle gevoel en daardie engele het laag voor my gebuig: Man van God, ons vra jou dat jy tot God vir ons sal bid;

6 en ek het hulle geantwoord en gesê: Wie is ek, 'n sterflike mens, dat ek vir engele moet bid? Wie weet waarheen ek sal gaan en wat met my sal gebeur? Of wie vir my sal bid?

## HOOFSTUK 5

### Die derde hemel. Henog besoek die Tuin van Eden

En die manne het my daarvandaan weggeneem en het my boontoe gelei na die derde hemel en my daar in die middel van die Paradys neergesit;

2 en daardie plek was mooier as enigiets wat daar te sien is —al die bome het gebot, al die vrugte was ryp, elke soort voedsel was altyd in oorvloed, elke briesie welriekend.

3 En daar was vier riviere wat in stille gang verbygevloei het. Die hele tuin was goed, en het voortgebring wat goed is om te eet.

4 En die boom van die lewe was in daardie plek waar God rus wanneer Hy na die Paradys gaan; en die kwaliteit van die aroma van daardie boom was onbeskryflik— en dit was meer as 'n sieraad vir alle bestaande dinge; en van alle karate het dit in voorkoms gelyk soos goud en skarlakenrooi en soos vuur, en dit het alles bedek en alle soorte vrugte geproduseer. Sy wortel is in die tuin aan die einde van die aarde. En die Paradys is tussen bedorwenheid en onbedorwenheid. En daar is twee fonteine waaruit heuning en melk voortkom en hulle fonteine bring wyn en olie voort, en hulle verdeel in vier dele en gaan op 'n stille koers, en gaan af in die Paradys van Eden tussen bedorwenheid en onbedorwenheid. En vandaar gaan hulle met die aarde langs voort en het 'n ommekeer in hulle kringloop soos die ander elemente, daar is driehonderd engele wat die tuin in stand hou en met

voortdurende soet gesang en met nimmerswyende stemme God dien dwarsdeur al die dae en ure.

5 Daar is nog 'n boom daar naby, 'n olyf, wat onophoudelik met olie vloei.

6 En elke boom is oortrek met goeie vrugte, daar is nie 'n boom sonder vrugte nie; en die hele plek is geseënd.

7 En die engele wat die Paradys bewaak, is die mees wonderbaarlikes en hulle dien God sonder ophou met ononderbroke stem en soet gesang.

8 En ekhet gesê: Hoe geseënd is hierdie plek nie! Die manne het my geantwoord: Hierdie plek, Henog, word voorberei vir die opregtes wat in hul lewes swaarkry moes verduur,

9 wat hulself kasty en hul oë afgewend het van die ongeregtigheid en ware regverdige oordeel gespreek het, en wat brood gegee het aan die verhongerdes, en die naaktes met klere bedek het,

10 wat die struikelendes orent gehelp het, en diegene behulpsaam was teenoor wie kwaad gepleeg is, wat hul lewes voor die aangesig van God geleef en Hom alleen gedien het.

11 Vir hulle word hierdie plek toeberei as hulle ewige erfdeel.

### **Henog besoek die plek van oordeel vir die goddelose**

12 En daardie twee manne het my van daar of boontoe gelei na die Noordekant van die hemel en het aan my 'n verskriklike plek gewys.

13 Elke soort marteling en kastyding was in daardie plek, en duisternis en mis, maar 'n somber vuur het ewigdurend opgevlam in daardie plek,

14 en 'n brandende rivier het uitgekóm teen die hele plek. En daar was koue en ys en tronke in daardie plek, en verskriklike en wrede engele wat wapens dra en kasty sonder genade.

15 En ek het gesê: Hoe verskriklik is hierdie plek. En die manne het my geantwoord:

16 Hierdie plek, Henog, word voorberei vir die goddelose wat op aarde goddelooslik gehandel het — wat op aarde sonde teen die natuur gepleeg het en wat kinders verdorwe het met sodomie;

17 wat towery en besweringe bedryf het en oor hulle bouse dae spog, wat gesteel het en die siele van mense in die geheim berowe,

18 wat die juk wat hulle bind, losgemaak het, en wat hulself deur ongeregtigheid verryk het uit ander se besittings,

19 en wat die honger man gelaat het om te sterf van honger terwyl hulle aan hom kon gee om te eet, wat die naakte gestroop het terwyl hulle hom kon klee,

20 wat nie hul Skepper erken het nie, maar afgode aanbid en afbeeldings gemaak het, en hulle neergebuig het voor die werke van hul eie hande.

21 Vir hulle almal is hierdie plek voorberei as 'n ewige erfdeel.

## HOOFSTUK 6

### **Die vierde hemel. Die baan van die son en die sterre**

Die manne het my boontoe gelei en na die vierde hemel gedra. En kyk, hulle het my al die bewegings gewys en al die strale van die lig van die son en die maan.

2 En ek het hulle gange gemeet en dit met hulle lig vergelyk en gesien dat die son se lig sewe maal groter is as dié van die maan.

3 Sy wentelbaan en die strydwa waarop dit reis, is soos die wind in beweging; en daar is vir hulle geen rus terwyl hulle met die dag uitgaan en met die nag terugkeer nie.

4 En ek het vier groot sterre aan die regterkant van die son se strydwa en vier aan die linkerkant sien hang wat vir ewig met die son saamgaan.

5 En ek het engele voor die son se strydwa sien gaan, vlieënde wesens: elke engel wat die son se strydwa trek, het twaalf vlerke, en wanneer God hulle beveel om af te gaan aarde toe, dra hulle ook die dou en die hitte met die son se strale. Ek het baie sterre gesien, en elke ster het onder hom 'n duisend sterre na die regterkant van die son se wiel gehad. Daar was vier sterre na die linkerkant, elkeen met 'n duisend sterre onder hom, altesaam agtduisend wat deurentyd met die son saamgaan. Gedurende die dag sien vyftien menigtes van engele daarna om, en 'n duisend gedurende die nag. En ses gevlerktes stroom uit saam met die engele voor die strydwa van die son in die vurige vlamme, en 'n

honderd engele steek die son aan diebrand. Ek het gekyk en ander vlieënde elemente van die son gesien, wie se name was Fenikses en Galkydri, wonderbaarlik en wonderlik, met voete en sterte in die vorm van 'n leeu en 'n krokodil se kop; hulle voorkoms was verpurper soos die reënboog; hulle grootte is negehonderd mate, hul vlerke is soos dié van die engele, elkeen het twaalf en hulle bedien en begelei die son, en verdra die hitte en die dou soos dit deur God beveel is. So draai die son en gaan en reis onder die hemel deur en sy baan gaan onder die aarde met die lig van sy strale nimmereindigend.

### **Die poorte van die son en die maan en die dae van die jaar**

6 En die manne het my na die ooste van die hemel geneem.

7 Hulle het my die poorte gewys waardeur die son uitgaan volgens die aangewese tyd en volgens die kringloop van die maande van die hele jaar, en die verkorting en verlenging van die dae en van die nagte.

8 Hulle het aan my gewys ses poorte, een geopen op 'n afstand van dertig stadia; en ek het hulle grootte probeer meet, maar ek kon nie — en elke poort het een-en-sestig stadia en 'n kwart van 'n stadium, en ek het hulle suiwer gemeet en verstaan dat hulle mate soveel is;

9 deur hulle het die son ingegaan en na die weste beweeg. Deur die eerste poort het hy twee-en-veertig dae gegaan,

10 deur die tweede vyf-en dertig dae, deur die derde vyf-en-dertig dae, deur die vierde vyf-en-dertig dae, deur die vyfde vyf-en-dertig dae, en deur die sesde twee-en-veertig dae.

11 En weer, terugkerend deur die sesde poort volgens die kringloop van die seisoene het hy deur die vyfde poort ingegaan, vyf-en-dertig dae,

12 deur die vierde poort vyf-en-dertig dae, vyf-en-dertig dae deur die derde poort, vyf-en dertig dae deur die tweede poort.

13 En die dae van die jaar word beëindig volgens die kringloop van die seisoene.

14 En die manne het my boontoe gelei na die weste van die hemel, en aan my die ses groot poorte gewys wat oop was soos die oostelike poorte aan die teenoorgestelde kant waar die son sak volgens die getal van die dae, driehonderd vyf-en-sestig en 'n kwart.

13 So gaan hy weer onder deur die westelike poorte — en die skittering van sy kroon is by God in die hemel en word bewaak deur vierhonderd engele terwyl die son omwentel op sy wiel onder die aarde en hy sewe groot ure in die nag staan; die helfte van sy omwenteling spandeer hy onder die aarde. Wanneer hy die ooste nader in die agste uur van die nag, bring hy sy ligte en die kroon van sy skittering, en die son vlam voort meer as vuur.

14 Wanneer hy weer by die westelike poorte uitkom, neem vier engele sy kroon en dra dit op na God.

15 Maar die son draai sy strydwa en gaan voort sonder lig; en daar sit hulle die kroon op hom.

16 Hulle het aan my die getal van die son en die poorte waardeur dit in en uitgaan gewys; want hierdie poorte het God gemaak en Hy het die son aangewys as die uur-wagter van die jaar. Toe het die elemente van die son wat genoem word Fenikses en Galkydri aan die sing gegaan, daarop het elke voël met sy vlerke gefladder verbly in die gewer van lig, en op die bevel van God het hulle 'n lied aangehef.

17 Van die maan het hulle my 'n ander getal gewys: Hulle het my al haar bewegings en al haar kringlope en haar poorte laat sien.

18 Hulle het my die twaalf poorte na die ooste gewys: hulle het my die poorte van die kroon gewys waardeur die maan in en uitgaan volgens die gebruikelike tye.

18 Deur die eerste poort na die ooste een-en-dertig dae, deur die tweede een-en-dertig dae, en deur die derde een-en dertig dae uitsonderlik,

20 en deur die vierde dertig dae, deur die vyfde een-en-dertig dae ongewoon, en deur die sesde een-en-dertig dae gewis,

21 deur die sewende dertig dae, deur die agste een-en-dertig dae uitsonderlik, en deur die negende dertig dae presies, en deur die tiende dertig dae verseker,

22 deur die elfde een-en-dertig dae, deur die twaalfde poort gaan sy in twee-en-twintig dae.

23 En so ook deur die westelike poorte volgens die siklus en getal van die oostelike poorte; so gaan sy



ook deur die westelike poorte in en sy voltooi die jaar met driehonderd-vier-en-sestig dae.

24 Sy gaan die jaar in met vier uitsonderlike kwart dae en om hierdie rede word hulle uitgehou en eenkant gesit, weg van die hemel en die jaar en word nie getel in die getal van die dae nie;

25 want hulle verander die seisoene van die jaar, twee nuwe mane wanneer sy groei en 'n tweede twee nuwe mane wanneer sy afneem.

26 Wanneer sy klaar is by die westelike poorte dan keer sy terug en gaan na die ooste met haar lig: en so beweeg sy dag en nag in 'n sirkel.

27 Haar wentelbaan is soos die lug: en die strydwa waarop sy ry is 'n wind in beweging, en die wat haar strydwa trek, is vlieënde wesens, elke engel het ses vlerke. Dit is die getal van die maan.

28 In die middel van die hemel het ek 'n gewapende herbergier gesien wat God dien op simbale en orrels en met 'n onophoudelike stem: en ek was betower terwyl ek daarna kyk.

## HOOFSTUK 7

### **Die vyfde hemel. Henog praat met die engele wie se broers saam met Sataniël uit die hemel verban is**

Die manne het my vandaar geneem en opgedra na die vyfde hemel. En ek het daar enorme herbergiere gesien —die Wagters.

2 Hulle voorkoms was soos die mens se voorkoms: in grootte was hulle groter as die groot reuse — wat genoem is Grigori.

3 En hulle aangesigte was treurig en hulle monde was stil en daar was geen diens in die vyfde hemel nie.

4 En ek het aan die manne wat by my was gesê: Waarom is hulle so baie bedroef en hul aangesigte so treurig, en hul monde stil, en waarom is daar geen diens in hierdie hemel nie?

5 Hulle het aan my gesê: Hierdie is die Wagters wat nie by hulle broers aangesluit het nie.

6 Twee prinse en die tweehonderd ander wat hulle gevolg en afgegaan het na die aarde en hulle eed op die skouer van die berg Hermon verbreek het om hulself nie met die mens se vroue te besoedel nie;

7 en omdat hulle hulself besoedel het, het God hulle verdoem. Hulle het die aarde besoedel met hul dade, in al hul dae het hulle wetteloosheid en vermenging gepleeg, en reuse is gebore en wonderbaarlike groot manne en groot vyandskap. En hierdie (groep) treur oor hul broers en die straf wat op hulle gelê is.

8 Ek het aan die Wagters gesê: Ek het julle broers gesien en ek het gehoor wat hulle gedoen het: en ek ken hulle gebede en ek het vir hulle gebid.

9 En kyk, God het hulle verdoem onder die aarde totdat die hemel en die aarde verbygegaan het: waarom wag julle dan vir julle broers, en waarom dien julle nie in die teenwoordigheid van God nie?

10 Hervat julle vorige pligte: bied julle dienste aan in die naam van God, ingeval julle ons Almagtige God vertoorn en Hy julle neerwerp uit hierdie plek.

11 Hulle het geluister na wat ek gesê het en is oorreed en hulle het in vier rye in die hemel gestaan.

12 En kyk, terwyl ek daar staan, het hulle saam op vier trompette begin blaas, en die Wagters het begin dien, asof met 'n enkele stem en hulle stem het opgegaan na die teenwoordigheid van God.

## HOOFSTUK 8

### Die sesde hemel. Die aartsengele

Die manne het my vandaar boontoe gelei en my gedra na die sesde hemel.

2 Ek het daar sewe engele in 'n groep gesien, helder en baie glorieryk en hulle aangesigte het geskyn soos 'n sonstraal.

3 Daar was geen verskil in hulle aangesigte nie, of in hulle grootte of in hulle klere nie; hulle het die verordeninge van die wêreld gereël en daaroor onderrig;

4 ook die beweging van die sterre, die son, die maan en die engele (hul gidse) en die hemelse roepstemme—hulle wat harmonie aan alle lewe in die hemel gee.

5 En hulle het die uitvoering van die sang en offerandes, of prysinge en heerlijkheid gereël en georden:

6 dié van die engele wat oor die seisoene en die jare aangestel is, en die engele wat oor die riviere en die see is, en die engele wat oor die vrugte en gras en alles wat groei is, en die engele van al die nasies.

7 Hulle is die draers van gesag en skryf neer al die dade van die lewende dinge voor die aangesig van God.

8 Tussen hulle is sewe fenikse en sewe gerubyne en sewe sesvlerk-engele wat in eenheid aanpraat en saamsing: en dit is onmoontlik om hulle sang te beskryf.

9 En God het Hom in sy voetstoel verbly.

## HOOFSTUK 9

### **Die sewende hemel. Die hemelse leerskare. Henog word voor God gebring**

Die manne het my opgetel vandaar en my tot in die sewende hemel gedra.

2 Ek het daar 'n baie groot lig gesien, en vurige herbergiere van die geestelike magte, die aartsengele, die engele en die helderheid van die Ofaniem; daar was gerubyn en serafyne, trone en veel-ogiges, nege regimente, die stasies van lig, en ek het bang geword en van groot angs begin gebewe.

3 Die manne het my in hulle midde geneem en aan my gesê: Wees dapper, Henog, moenie bevrees wees nie, en hulle het God van veraf aan my gewys waar Hy op sy troon sit:

4 en al die hemelse leerskare, gegroeppeer volgens hulle rang, het na Vore gekom en God aanbid, en hulle het weer omgedraai en na hulle plekke gegaan met vreugde en blydschap en in onmeetbare lig.

5 Daar was die verheerliktes wat Hom in die nag gedien het en nie bedags weggegaan het nie, en in God se teenwoordigheid gestaan het en sy wil gedoen het.

6 Al die leërskare van die Gerubyn was rondom die troon en het nie daarvandaan weggegaan nie, en die sesvlerk-engele het sy hele troon oordek terwyl hulle in die teenwoordigheid van God gesing het: *Heilig, heilig, heilig, God, Heerser van Sebaot, hemele en aarde is gevul met U heerlijkheid.*

7 En toe ek al hierdie dinge sien, het daardie manne van my weggegaan en daarop het ek hulle nie weer gesien nie.

8 Hulle het my alleen aan die einde van die (sewende) hemel gelaat en ek het bang geword en op my aangesig neergeval.

9 En God het een van sy verheerliktes na my gestuur, die aartsengel Gabriël, en hy het aan my gesê: Wees dapper, Henog, moenie bevrees wees nie, staan op en kom saam met my en staan in die teenwoordigheid van God vir ewig.

10 En ek het hom geantwoord en gesê: Helaas, my God, ek is verlam van angs. Roep na my die manne wat my na hierdie plek gebring het, want het ek vertrou in hulle en saam met hulle sal ek God se teenwoordigheid betree.

11 En Gabriël het my gevang soos 'n blaas deur die wind gevang word en hy het my meegevoer en voor die aangesig van God neergeplaas. En ek het die agtste hemel gesien wat in die Hebreeuse taal Musalot genoem word, die herskepper van seisoene, droogte en nattigheid, en van die twaalf tekens van die dierierem wat bo die sewende hemel is. En ek het die negende hemel gesien wat in Hebreeus genoem word Kuchavim, waar die hemelse tuistes is van die twaalf tekens van die dierierem.

12 En in die tiende hemel het ek God gesien, sy Gelaat magtig en buitengewoon verheerlik en verskriklik— soos yster wat in die vuur gloei en vonke afgee as dit uitgehaal word en brand.

13 Wie is ek om die voorkoms van sy Wese te beskryf en die gesig van God, magtig en baie, baie verskriklik en sy veel-ogiges en veelstemmige koor

en die ontsaglike troon van God, gemaak sonder hande?

14 Of die geselskap wat daaromheen vergader is (die leerskare gerubynne en serafyne), of die onveranderlike, onuitspreeklike, nimmerswyende en heerlike diens wat aan Hom gewy word?

15 En ek het op my aangesig neergeval en Hom aanbid.

16 En God het met my met sy eie mond geroep: Wees dapper, Henog, moenie bevrees wees nie, staan op en staan voor My aangesig tot in die ewigheid.

17 En God se groot aartsengel, Migael, het my opgelig en in die teenwoordigheid van God ingebring.

18 God het sy diensknegte op die proef gestel en aan hulle gesê: Laat Henog voor my staan in die ewigheid.

19 En die verheerliktes het voor God neergebuig en gesê: Laat hom opkom.

20 En God het aan Migael gesê: Neem Henog en verwyder sy aardse kledingstukke en salf hom met my goeie olie en klee hom in die verheerlikte kledingstukke.

21 Migael het my klere uitgetrek en my gesalf met goeie olie.

22 En die voorkoms van die salf was meer glansend as 'n groot lig en die rykheid daarvan soos soet dou, en die geur soos mirre, blinkend soos 'n straal van die son.

23 Ek het na myself gekyk en ek was soos een van die verheerliktes, en daar was geen opvallende verskil nie.

## HOOFSTUK 10

### Henog word onderrig en skryf sy boeke

God het Freweil ontbied, een van die aartsengele wat wys was en wat al die dade van God neergeskryf het; en God het aan Freweil gesê:

2 Neem die boeke uit hulle bergplek en gee aan Henog 'n pen en dikteer die boeke aan hom.

3 En Freweil het gou gemaak en die boeke gebring, helder met smirniot, en hy het my 'n pen uit sy eie hand gegee.

4 Hy het my alles vertel wat gebeur het in die hemel en op die aarde en onder die see en die bewegings en bane van al die elemente,

5 en al die veranderinge van die jare, en die bewegings en mutasies van die dae en die beheer en volgorde en uitvoering van die sang en die ingaan van die wolke en die opkom van die winde, en al die woorde van die liedere van die gewapende leerskare. En dit was alles gepas dat ek dit moet leer.

6 Freweil het alles aan my in dertig dae en dertig nagte verduidelik, sy lippe was nooit stil soos hy aangehou het met praat nie;

7 en ek, vir my aandeel, het geen rus gehad vir dertig dae en dertig nagte terwyl ek my aantekeninge gemaak het nie.

8 En toe ek klaar was, het Freweil aan my gesê: Sit en skryf uit alles wat ek aan jou verduidelik het — skryf oor al die siele van die mensdom, dit maak nie saak hoe baie van hulle gebore word nie, en skryf oor die plekke wat vir hulle voorberei is vir die

ewigheid; want alle siele word vir die ewigheid voorberei, nog voor die ontstaan van die wêreld.

9 Ek het 'n tweede keer vir dertig dae en dertig nagte gaan sit en ek het alles presies neergeskryf. En ek het tweehonderd en sestig boeke geskryf.

## HOOFSTUK 11

### Henog sit aan die linkerhand van God

God het my geroep en Hy het my aan sy linkerhand laat sit, nader as Gabriël; en ek het God aanbid. En God het aan my gesê:

2 Henog, alles wat is en alles wat beweeg, is alles deur My geskape en Ek sal alles aan jou openbaar van voordat alles was sedert die begin, alles wat Ek voortbring het uit nie-materie om te wees en uit wat onsigbaar is, dit wat gesien kan word.

3 Selfs nie eens aan my engele het Ek my geheim openbaar nie, en Ek het nie aan hulle vertel hoe hulle self gevorm is nie,

4 ook nie hoe my oneindige en onverstaanbare skepping volbring is nie; en tog openbaar Ek dit aan jou vandag.

5 Want voordat dit wat sigbaar is, gemaak is, het lig verskyn; maar Ek, al was Ek deur lig omgewe, was Ek soos een van die onsigbares, en Ek het gereis soos die son van die ooste na die weste en van die weste na die ooste.

6 Die son sal rus vind, maar Ek vind nie rus nie, want Ek het alle dinge geskape.

7 En omdat dit my doel was om 'n fondament daar te plaas en om 'n sigbare skepping te vorm, het Ek aan die dieptes bevel gegee dat een van die onsigbares moet uitkom en sigbaar word.

8 En Adoil het uitgekom, geweldig in grootte, en Ek het hom aanskou, en kyk! Hy het die Groot Eon ('n onmeetlike tydruimte) in sy buik gehad, en Ek het aan hom gesê:

9 Maak jouself oop, Adoil, en laat dit wat is, sigbaar uit jou gebore word.

10 En hy het homself oopgemaak en die Groot Eon het uit hom gekom; en so is die lig uit hom gebore wat die hele skepping dra wat Ek ten doel gestel het om te skep — en Ek was in die middel van die groot lig en omdat lig uit lig gebore word, het daar 'n groot tydperk verskyn, en dit het die hele skepping vertoon wat Ek beplan het om te skep.

11 En Ek het gesien dat dit goed was.

12 En Ek het vir myself 'n troon geplaas en daarop gaan sit, maar aan die lig het Ek gesê: Gaan hoër op en vestig jouself hoog bo die troon en wees 'n fondament vir die hoëre dinge.

13 Want bokant die lig is daar niks nie.

14 En Ek het opgekyk van my troon en 'n tweede keer na die dieptes geroep en gesê: Laat wat hard en sigbaar is uit die onsigbare voortkom.

15 En Aroegas het uitgekom, hard, swaar en baie swart. En Ek het gesien dat dit goed was en Ek het aan hom gesê: Gaan ondertoe en vestig jouself en wees die fondament van die onderste dinge.

16 En hy het afgegaan en homself gevestig en het die fondament geword vir die laer dinge en onder die duisternis was daar niks nie.

17 Ek het die eter met lig omring en Ek het dit dik gemaak en uitgesprei oor die duisternis,

18 en van die water het Ek groot rotse opgebou en Ek het die mis van die afgrond beveel om droog te word, en Ek het die afgrond, wat verval het, teruggeroep — toe het Ek die waters ferm gemaak, dit wil sê, die bodemlose,

19 en Ek het 'n fondament van lig om die water gemaak, en sewe sirkels uit die binnekant geskep, soos kristal, nat en droog, dit wil sê, soos glas en die besnyding van die waters en die ander elemente.

20 Ek het aan elkeen van hulle sy weg gewys, en aan die sewe sterre, elkeen in sy hemel, sy weg gewys dat hulle so moet gaan, en Ek het gesien dat dit goed was.

21 En Ek het skeiding gemaak tussen lig en tussen duisternis, dit wil sê, in die middel van die water hier en dáár (duskant en anderkant) en Ek het aan die lig gesê dat dit dag moet wees en aan die duisternis dat dit nag moet wees en daar was aand en daar was môre, die eerste dag.

22 Toe het Ek die hemelse sirkel stewig gemaak en bepaal dat die laer waters wat onder die hemel is in een holte versamel, en dat die chaos droog moet word, en dit was so.

23 Uit die golwe het Ek harde en groot rotse gevorm, en van die droë rotse het Ek hoog opmekaargestapel, en die droë dele het Ek aarde genoem en die middel van die aarde het Ek afgrond genoem, dit wil sê, die bodemlose.

24 Nadat Ek die see op een plek versamel het, het Ek dit saamgebind met 'n juk en Ek het 'n ewige grens tussen die see en die land gemaak, sodat die aarde nie oorstroom sal word deur die water nie:

25 Ek het die koepel van die hemel geheg en dit bo die water bevestig.

26 Vir al die hemelse leërskare het Ek die son uit die groot lig gevorm en Ek het dit in die hemel geplaas sodat dit op die aarde sal skyn.

27 Ek het uit die klippe vuur geslaan, en uit die vuur het Ek die hemelse leërskep, en al die sterre leërs, en die Gerubyne en die Serafyne en die Ofaniem, dit alles het Ek uit vuur geslaan.

28 En Ek het die aarde beveel om alle soorte bome voort te bring, en al die berge, en al die lewegewende plante en elke soort saad wat gesaai kan word.

29 Voordat Ek lewende siele geskep het, het Ek voedsel vir hulle voorberei.

30 En Ek het die see beveel om visse voort te bring en al die reptiele wat kruip oor die aarde, en al die voëls wat vlieg.

31 Toe Ek met alles klaar was, het Ek my wysheid beveel om die mens te skep — en vir al die hemelse leërskep het Ek die gelykenis van vuur bedink, en my oog het die baie harde, ferm rots aanskou en van die glinstering in my oog het die weerlig sy wonderlike aard ontvang,

32 wat beide vuur in water is en water in vuur, en die een sal nie die ander blus nie en die een sal nie die ander opdroog nie, daarom is die weerlig helderder as die son, sagter as water en harder as die harde rots.

33 En uit die rots het Ek vuur gesny, en van die vuur het ek die rangordes van die tien hemelse leërskep engele geskep; hul wapens is vurig en hul gewade 'n brandende vlam, en Ek het beveel dat elkeen moet staan in sy rangorde. (Hier is Sataniël met sy engele neergewerp vanuit die hoogte).

34 Een uit hierdie rangordes van die engele het, nadat hy weggedwaal het met die rangorde onder hom, 'n onmoontlike gedagte bedink, om sy troon

hoër te plaas as die wolke bokant die aarde sodat hy in rang gelyk aan My kon wees.

### **Sataniël en sy engele uit die hemel neergewerp**

35 Ek het hom vanuit die hoogte met sy engele neergewerp en hy het onophoudelik in die lug bokant die afgrond bly vlieg.

36 Hierna het Ek al die hemele geskep, en dit was die derde dag. Op die vierde dag het Ek beveel dat daar groot ligte moet wees op die hemelse kringlope.

37 Op die eerste, heel boonste kringloop het Ek die sterre geplaas, Kroeno, en op die tweede Aphrodite, op die derde Aris, op die vyfde Zeus op die sesde Ermis, op die sewende die mindere een, die maan, en Ek het dit versier met die mindere sterre.

38 En op die laer kringloop het Ek die son geplaas vir lig bedags en die maan en die sterre vir lig in die nag.

39 Die son dat dit moet gaan volgens elke dier (van die diereriem), twaalf in getal, en Ek het die opeenvolging van die maande aangewys, en hulle name en hulle lewens, hul donderslae en hul uurmerke, hoe hulle mekaar moet opvolg. Toe het die aand gekom en die more, die vyfde dag.

40 Ek het My wysheid beveel om die mens uit sewe stowwe te skep: een, sy vlees uit die aarde; twee, sy bloed uit die dou; drie, sy oë van die son;

41 vier, sy bene uit klip; vyf, sy intellek uit die snelheid van die engele en van die wolke; ses, sy are en sy hare uit die gras van die aarde; en sewe, sy siel uit my asem en van die wind.

42 En Ek het aan hom sewe eienskappe gegee: aan die vlees gehoor, die oë vir gesig, aan die siel reuk, die are vir aanraking, die bloed vir smaak, die bene vir volharding, en aan die intellek soetheid (plesier).

43 En Ek het aan 'n wyse spreuk gedink: Ek het die mens geskape uit die onsigbare en uit 'n sigbare natuur en van beide is sy dood en sy lewe 'n afbeelding, hy ken spraak soos 'n geskape iets, klein in grootheid en groot in kleinheid,

44 en Ek het hom op die aarde geplaas, 'n tweede engel, eerbaar, groot en heerlik, en Ek het hom aangewys as die heerser om te heers oor die aarde en om my wysheid te besit, en daar was niemand soos hy op aarde of in my hele skepping nie.

45 En Ek het aan hom 'n naam toegesê, van die vier saamgestelde dele van die ooste, die weste, die suide, en van die noorde; en Ek het aan hom vier spesiale sterre toegesê,

46 en Ek het hom Adam genoem, en aan hom die twee weë gewys, die lig en die duisternis en Ek het aan hom gesê:

47 Dit is goed en dit is sleg, sodat Ek sou kon weet of hy my liefhet, of haat, sodat dit duidelik sou wees wie in sy ras my liefhet.

48 Want Ek het sy natuur gesien, maar hy het nie sy eie natuur gesien nie, en omrede hy nie gesien het nie, sou hy erger sondig, en Ek het gesê: Ná die sonde, wat is daar behalwe die dood?

49 Ek het hom aan die slaap gemaak en hy het aan die slaap geraak. En Ek het van hom 'n ribbebeen geneem en vir hom in vrou gemaak, dat die dood na hom sou kom deur sy vrou, en Ek het sy laaste

woord geneem en haar naam moeder genoem, dit wil sê, Eva.

50 Adam het lewe op aarde, Ek het die Tuin van Eden in die ooste geskep sodat hy die testament moet waarneem en die bevel gehoorsaam.

51 Ek het die hemele vir hom oopgemaak, sodat hy die engele kon sien sing van oorwinning en die skadulose lig kon sien.

52 En hy was gedurig in die Paradys, en die duivel het verstaan dat ek 'n ander wêreld wou skep, want Adam was heer op aarde om dit te beheer en te regeer.

53 Die duivel is die bose gees van benede, as 'n vlugteling het hy Sotona van die hemel gemaak omdat sy naam Sataniël was, so het hy verskillend van die engele geword,

54 maar sy geaardheid het nie sy intellek (kennis) verander wat sy begrip van geregtigheid en sonde betref nie.

55 En hy het sy doemvonnis verstaan en die sonde wat hy vroeër gepleeg het, daarom het hy 'n gedagte teen Adam verwek, op so 'n manier het hy Eva verlei en met haar gemeenskap gehad,

56 maar hy het Adam nie aangeraak nie. Ek vervloek onkunde, maar wat Ek vroeër geseën het, het ek nie vervloek nie.

57 Ek het nie die mens vervloek nie, ook nie die aarde nie, ook nie die kruipende diere nie, maar die bose vrug van die mens en sy werke.

58 Ek het aan hom gesê: Aarde is jy en na die aarde waaruit ek jou geneem het, sal jy teruggaan. En Ek sal jou nie vernietig nie, maar jou terugstuur waaruit ek jou geneem het.



59 Dan kan Ek jou weer neem met my Tweede Koms. En Ek seën al my skepsele, sigbaar en onsigbaar.

60 En Adam was vyf en 'n halwe uur in die Paradys. En Ek seën die sewende dag, wat die Sabbat is, waarop hy rus van al sy werke.

### **God skape ook die agtste dag — die ewige dag**

61 Ek het ook die agtste dag aangewys, dat die agtste dag die eersgeskapene sal wees nadat ek my werk voltooi het, en dat die eerste sewe sal draai in die vorm van die sewende duisend,

62 en dat aan die begin van die agtste duisend daar 'n tyd sal wees van nie-telling, eindeloos, met nóg jare, nóg maande, nóg weke, nóg dae, nóg ure.

63 En nou, Henog, alles wat Ek aan jou vertel het, alles wat jy in die hemele gesien het en alles wat jy in jou boeke neergeskryf het, dit was deur my wysheid dat ek beplan het om dit alles te skape.

64 Ek het dit geskape vanuit die laagste fundamente tot die hoogste en tot die verste eindes van albei: Ek het geen raadgewer of helper nie.

65 Ek alleen is ewig, nie deur hande gemaak nie: My onveranderlike doel is my raadgewer, en my woord is my daad,

66 en my oë hou wag oor alle dinge: as Ek my aangesig wegdraai, sal alles vergaan; maar as ek na alle dinge kyk, sal hulle bly bestaan.

67 Dink daaraan, Henog, en besef wie dit is wat met jou praat; en neem die boeke wat jy geskryf het (en Ek gee jou Semeil en Rasuil, wat jou na my gebring

het) en gaan af na die aarde, en vertel jou seuns alles wat Ek aan jou gesê het en alles wat jy gesien het vanaf die laagste hemel op tot by My troon.

68 Al die leërskare wat Ek gekep het: daar is nie een tussen hulle wat teen my is nie en wat nie onderdanig aan my is nie: almal is onderdanig aan my gesag en dien my mag alleen.

69 En gee aan hulle die boeke wat jou hand geskryf het, en hulle sal dit lees en die Skepper herken, en hulle sal ook verstaan dat daar geen ander Skepper as Ek is nie;

70 en hulle sal die boeke wat jou hand geskryf het deurgee aan hulle kinders, en hulle kinders na hul kinders, en naasbestaandes aan naasbestaandes (bloedverwante), van een geslag na 'n ander.

71 Want Ek gee jou, Henog, as middelaar, Migael, prins van my leërskare, want wat jy geskryf het, en wat jou vaders, Adam en Set geskryf het, sal tot aan die einde van die tyd nie vernietig word nie.

72 Ek gee aan jou My engele, Ariog en Mariog wat Ek op die aarde geplaas het om dit te bewaak en om die verbygaande dinge te orden en om jou vader se geskrifte te bewaar sodat dit nie vernietig word in die Vloed wat gaan kom nie en wat ek in jou geslag op die aarde sal bring.

73 Ek ken die boosheid van die mens dat hulle nie die juk wil dra wat Ek op hulle lê nie, ook saai hulle nie die saad (hul eie geslag) wat Ek aan hulle gegee het nie,

74 maar hulle het my juk afgegooi en hulle sal 'n ander juk neem en waardelose saad saai, en hulle sal afgode aanbid en my gesag verwerp, en die hele

aarde sal sondig met die ongeregtigheid en oortredinge en ontug en afgodery.

75 Dan sal Ek 'n Vloed op die aarde bring: en die aarde self sal vergaan in die magtige moeras.

76 En Ek sal een regverdige man uit jou nageslag met sy hele gesin bewaar, wat my wense sal uitvoer,  
77 en uit hulle kinders sal 'n ander nageslag verrys, die laaste (op aarde), baie in getal en met groot ambisies.

78 Dan, in die loop van daardie geslag, sal die boeke wat jy en jou vader geskryf het, openbaar gemaak word;

79 want die bewakers van die aarde sal die boeke toon aan manne van geloof, en die boeke sal aan daardie geslag verduidelik word en dit sal hoër geag word as vantevore.

80 Maar nou, Henog, gee Ek jou'n verposing van dertig dae sodat jy tyd in jou huis kan spandeer en aan jou seuns alles kan vertel wat jy van my gehoor het,

81 en jou huishouding, en elkeen wat my gebooie met sy hele hart onderhou, laat hom lees en verstaan daar is niemand anders behalwe Ek nie.

82 En ná dertig dae sal Ek die engele na jou stuur en hulle sal jou van die aarde of wegneem van jou seuns na My toe.

83 Want daar is 'n plek vir jou voorberei en jy sal in my teenwoordigheid vir altyd leef en my geheime aanskou;

84 en jy sal my diensknegte se skrywer wees, want jy sal alles neerskryf wat op die aarde gebeur en alles wat gedoen word deur diegene op aarde en in

die hemele, en jy sal vir My optree as getuie in die oordeel van die Groot Eon.

85 Al hierdie dinge het God aan my gesê asof Hy 'n Man was wat met sy getroue vriend praat.

## HOOFSTUK 12

### Henog word na die aarde teruggestuur

God het een van die ouer engele geroep, verskriklik en dreigend, en hom by my geplaas, in voorkoms was hy so wit soos sneeu en sy hande soos ys, met die voorkoms van groot ryp,

2 en hy het my gesig (met sy hande) gevries, want ek kon die verskrikking van God nie verduur nie, soos dit nie moontlik is om die vuur van 'n stoof en die son se hitte en die ryp in die lug te verduur nie.

3 En God het aan my gesê: Henog, as jou gesig nie hier gevries word nie, sal geen mens in staat wees om na jou gesig te kyk nie.

4 En God het aan daardie manne gesê wat my eerste opgeneem het: Laat Henog met julle afgaan na die aarde en wag saam met hom tot op die vasgestelde dag.

5 En hulle het my in die nag op my slaapbank neergesit. En Matúsalag, wat my koms verwag het, en dag en nag by my slaapbank gewaak het, was gevul met ontsag toe hy my hoor kom, en ek het aan hom gesê:

6 Laat my hele huishouding bymekaarkom sodat ek hulle alles kan vertel.

## HOOFSTUK 13

### Henog se afskeidsrede

En nou, my kinders, luister na wat julle vader sê en na al die gebooe wat ek julle vandag gee:

2 Lei julle lewens asof in die teenwoordigheid van God en sien toe dat alles wat julle doen, volgens die wil van God is.

3 Want ek is op die bevel van God na julle gestuur om vir julle alles te vertel wat is en alles wat sal wees tot op die dag van die oordeel.

4 En nou, my kinders, dis nie deur my eie mond dat ek vandag met julle praat nie, maar deur die mond van God, wat my na julle gestuur het.

5 Want julle hoor die woorde uit my mond, 'n man wat geformeer is net soos julle;

6 maar ek het die woorde van God gehoor uit die vurige mond van God (want God se mond is 'n vurige oond en sy woorde 'n vurige vlam wat daaruit voortkom).

7 Julle, my kinders, julle sien my gesig, die gesig van 'n man wat soos julle geformeer is; maar ek het die aangesig van God gesien soos 'n stuk yster wat in die vuur verhit word sodat dit vonke strooi.

8 Want julle sien 'n man se oë, die oë van 'n man wat soos julle geformeer is; maar ek het God se oë gesien soos die strale van die skynende son wat die menslike oog verblind.

9 Julle, my kinders, julle sien my regterhand aan julle beduie, die hand van 'n man wat net soos julle gemaak is, maar ek het die regterhand van God voor my sien beweeg en die hemel sien vul.

10 Julle kan sien hoe groot my liggaam is, dit is net soos julle s'n; maar ek het gesien hoe groot God is, dat Hy onmeetbaar, onvergelykbaar is en geen einde het nie.

11 Want julle hoor die woorde van my mond; maar ek het die woorde van God gehoor, soos groot donder en onophoudelike dreuning van die wolke.

12 En nou, my kinders, luister na iemand wat oor 'n aardse koning spreek en sê:

13 Dit is angswekkend en gevaarlik om voor 'n aardse koning te staan, verskriklik en baie gevaarlik, want die koning se wil is dood en die koning se wil is lewe.

14 Maar om te staan voor die Koning van Konings — wie kan die oneindige vrees of die groot hitte verduur?

15 Maar God het een van sy engele in beheer van Tartarus geroep en hom by my gesit, en die voorkoms van die engel was soos sneeu, en sy hande was ys, en hy het my gesig afgekoel (want ek kon nie die angs van die vurige hitte verduur nie).

16 Toe het God al hierdie woorde met my gepraat.

17 Dus nou, my kinders, weet ek alles, sommige uit die mond van God, ander het ek met my oë gesien, van die begin tot die einde en van die einde tot die hernuwing.

18 Ek weet alles, en ek het in die boeke neergeskryf die omvang van die hemele en alles wat daarin is:

19 Ek het hulle bewegings gemeet en ek ken hul leërskares: Ek het die telling van die sterre voltooi, 'n groot menigte sonder getal.

20 Watter man kan hulle omwentelinge of hulle beweginge verstaan, of hul terugkeer, of diegene wat hulle lei of diegene wat gelei word?

21 Selfs nie die engele ken hulle getal nie: maar ek het hulle name neergeskryf.

22 Ek het die omtrek van die son gemeet en ek het sy strale genommer en sy ingang en sy uitgang en al sy beweginge: ek het hulle name neergeskryf.

23 En ek het die omtrek van die maan gemeet en sy bewegings elke dag, die afneming van sy lig elke dag en uur; en ek het die name in die boeke neergeskryf.

24 Die woonplekke van die wolke en hul monde en hul vlerke en hul reën en hulle druppels het ek ondersoek; en ek het geskryf van die gerammel van die donder en die wonder van die weerlig.

25 En hulle het aan my hulle bewaarders gewys en die deurgange wat vir hulle uitgemeet was waarin hulle op en af kon gaan (hulle gaan gebonde op en kom gebonde af, sodat hulle nie met ruwe geweld die wolke afskeur en alles op aarde vernietig nie).

26 Ek het die skatte van die sneeu en die stoorkamers van die ys en die koue lug neergeskryf:

27 Ek het opgelet hoe die bewaarders van tyd tot tyd die wolke vul, tog is die skatte nie uitgeput nie.

28 Ek het die rusplekke van die winde neergeskryf: Ek het gekyk en gesien hoe hulle bewaarders hulle skale en mates bring:

29 Eers plaas hulle die winde op die skaal en dan in die maat, en hulle is volgens hul maat uitgelaat oor die hele aarde sodat hulle nie met ruwe asem die aarde laat skud nie.

30 Vandaar is ek ondertoe geneem en het gekom by die plek van oordeel; en ek het die hel sien oopgaan en ek het daar 'n stuk gelyk grond gesien soos 'n tronk, 'n oordeelsplek sonder weerga.

31 En ek het afgegaan en het neergeskryf al die oordele van diegene wat geoordeel is, en ek het al hulle vertwyfeling gesien en ek het gesug en geween ter wille van die verdoemenis van die goddelose en ek het vir myself gesê:

32 Welgeluksalig is die man wat nooit gebore is nie, of wat na sy geboorte sonder sonde in die oë van God gelewe het sodat hy nie na hierdie plek sal kom en die juk van hierdie plek moet dra nie.

33 En ek het die bewaarders van die sleutels van die hel gesien wat by die ontsaglike poorte gestaan het:

34 Hulle gesigte was soos die gesigte van groot adders, hulle oë soos kerse wat doodgegaan het, hulle tande was ontbloot en het tot by hulle bors gereik.

35 En ek het openlik aan hulle gesê: Mag dit wees dat ek julle nie gesien het of gesien het wat julle doen nie, mag geeneen van my afstammeling ooit na julle kom nie.

36 En vandaar het ek opgegaan na die Paradys van die regverdiges; en ek het daar 'n geseënde plek gesien, en elke skepsel is geseënd, en almal leef in vreugde en blydschap, en in onmeetbare lig en in die ewige lewe.

37 En ek het gesê, my kinders (en nou sê ek dit weer aan julle), gelukkig is die man wat die Naam van God vrees,

38 wat Hom sal dien asof hy altyd in sy Teenwoordigheid is, en geskenke maak, en

offergawes van die lewe, en wat sy lewe sal leef en sterwe.

39 Welgeluksalig is die man wat sal doen wat regverdig en reg is en die naakte met klere klee en brood gee aan die wat honger het.

40 Welgeluksalig is die man wat 'n voorvegter vir die weduwees en die wese sal wees en wat almal sal help teenoor wie daar 'n onreg gepleeg is.

41 Welgeluksalig is die man wat die onseker weg sal weier en sal loop op die pad van geregtigheid.

42 Welgeluksalig ook is die man wat die saad van geregtigheid saai, want hy sal sewevoudig maai.

43 Welgeluksalig is die man in wie die waarheid is en wat die waarheid teenoor sy naaste spreek.

44 Welgeluksalig is die man op wie se lippe waaragtige medelye is en sagmoedigheid.

45 Welgeluksalig is die man wat die werke van God verstaan en Hom verheerlik en deur sy werke weet wie hulle gemaak het.

46 En kyk, my kinders, nadat ek die dinge wat op aarde verorden is ondersoek het, het ek hulle neergeskryf.

47 Ek het al die jare vergelyk, en van die jaar het ek die maande gemeet, en van die maande het ek die dae getel, en van die dae het ek die ure getel.

48 Ek het die ure gemeet en hulle uitgeskryf.

49 Ek het onderskei tussen verskillende soorte mense op aarde; en ek het gemeet en elke mate bewys en elke eerlike balans soos wat God my beveel het.

50 En ek het 'n verskil in hierdie dinge gevind: een jaar is belangriker as 'n ander jaar, een dag

belangriker as 'n ander dag, een uur belangriker as 'n ander uur.

51 So is ook een mens belangriker as 'n ander mens - een oor sy groot besittings, 'n ander oor sy wysheid, 'n ander oor sy intellek, sy vaardigheid en sy vermoë om stil te bly; 'n ander weer oor sy reinheid, sy jeug, skerp humor, die vorm van sy liggaam of sy redelikheid.

52 Maar daar is geeneen groter as die mens wat God vrees nie; want hulle wat God vrees, sal vir ewig vereer word.

53 God het die mens met sy eie hande geskape en na die beeltenis van sy eie gesig: klein en groot het God hom gemaak.

54 Hy wat die gesig van 'n mens beskimp, beskimp die gesig van God; hy wat die gesig van 'n mens verafsku, verafsku die gesig van God: gramskap en groot oordeel is aangewys vir diegene wat in die gesig van 'n mens spuug.

55 Maar gelukkig is die man wat sy hart na elke mens draai, om diegene wat veroordeel word, te help, om die gevalle een orent te help en om te gee aan die armes;

56 want op die dag van die groot oordeel sal al die mens se dade deur die geskiedrol herroep word.

57 Welgeluksalig is die man wie se mate eerlik is, en sy gewig eerlik en sy balans eerlik;

58 want op die dag van die groot oordeel sal elke mate en elke gewig en elke balans uitgestal word soos op die mark en elke mens sal die waarheid omtrent sy mate ken en sy beloning daarvolgens ontvang.

59 Die mens wat 'n offerande voor God maak, God sal sy sake laat floreer: die mens wat die lamp voor God met olie vul en nie ware oordeel ken nie, God sal nie sy skat in die hemel vermeerder nie, God sal sy skure met koring vul.

60 Het God brood of kerse of skape of beeste nodig? Nee, glad nie; maar op hierdie manier toets God die hart van die mens. God eis suiwer harte.

61 Want dan sal God sy groot lig stuur en daarin sal die oordeel wees; en wie, as hy daar is, kan verberg word? Luister, my kinders, en neem in die woorde van my lippe.

62 As enigiemand geskenke na 'n aardse heerser bring, en trouelose gedagtes in sy hart koester, en die heerser weet daarvan, sal hy nie teenoor hom vertoorn wees en sy geskenke weier nie, en hom nie oorgee aan die oordeel nie?

63 Of as 'n man homself goed voordoen voor 'n ander deur misleiding van die tong, maar boos is in sy hart, sal die ander nie die verraad van sy hart herken en hom verdoem omdat sy ontrou aan almal duidelik was nie?

64 En wanneer God 'n groot lig stuur, dan sal daar oordeel wees vir die regverdige en die onregverdige en niemand sal ontsnap nie.

65 Nou, my kinders, hou al hierdie dinge in gedagte en skenk aandag aan wat julle vader sê: aan alles wat ek julle vertel het, net soos God my beveel het.

66 Neem hierdie boeke wat met julle vader se hand geskryf is en lees dit en leer daaruit die werke van God, en as julle die geskifte nakom, sal julle nie teen God sondig nie;

67 want daar is niemand anders behalwe God nie, nie in die hemel nie, ook nie op die aarde nie, ook nie in die plekke benede nie, ook nie in 'n fondasie nie.

68 Dis niemand behalwe God wat die fundamente op die onbekende gevestig het nie, wat die hemele bo die onsigbare uitgestrek het,

69 die aarde op die water gesit en dit bevestig het op die wankelbare, wat alleen die ontelbare dinge in die skepping gemaak het;

70 (want wie het die stof van die aarde of die sand van die see of die druppels van die wolke getel?).

71 Wie het die aarde en die see saamgebind met onoplosbare bande, wat uit vuur die onbegryplike skoonheid van die sterre geslaan het en die hemel versier het;

72 Wie het alle dinge geskep sodat dit wat onsigbaar was, sigbaar geword het, terwyl Hyself onsigbaar was...

73 (Het God nie gesê nie: Ek het die sterre uit vuur gesny, en die hemele daarmee versier, en dit in hul midde geplaas.

74 Die sonreis volgens die sewe hemelse bane wat die bepaling is van honderd twee-en-tagtig trone, dan gaan hy onder op 'n kort dag; en ná weer honderd twee en tagtig, gaan hy onder op 'n lang dag.

75 En hy het twee trone waarop hy rus, wat heen en weer wentel bo die trone van die maande. Vanaf die sewentiende dag van die maand Tsivian gaan dit af na die maand Thevan, en vanaf die sewentiende van Thevan gaan dit op.

76 En so kom dit naby die aarde, dan is die aarde bly en laat die vrugte groei en wanneer dit weggaan, dan is die aarde hartseer en die vrugte het geen bloeityd nie).

77 Dit alles het Hy gemeet met die goeie maat van die ure, en Hy het 'n maat deur sy wysheid vasgestel van die sigbare en die onsigbare. Van die onsigbare het Hy alles gemaak wat sigbaar is, terwyl Hyself onsigbaar is.

78 En gee hierdie boeke deur na julle kinders, en sien toe dat julle kinders dit deurgee aan hulle kinders en aan al julle bloedverwante en al julle geslagte, aan hulle wat wysheid het en God vrees;

79 en hulle sal dit (die boeke) ontvang en sal meer vreugde daaruit put as uit enige uitsoekkosse, en hulle sal dit lees en vashou daaraan.

80 Maar die dwase en diegene wat God nie ken nie, sal dit nie aanneem nie, maar sal dit verwerp; want die juk daarvan sal vir hulle te swaar wees.

81 Welgeluksalig is die man wat sy juk sal dra en vashou daaraan, want hy sal beloning op die dag van die Groot Oordeel vind.

82 Want ek sweer aan julle, my kinders, dat voor die mens bestaan het, is daar 'n plek van oordeel vir hom voorberei; en 'n maat en 'n gewig waardeur hy getoets sal word, is vooraf vir hom voorberei.

83 En ek sal elke mens se daade neerskryf en niemand sal kan ontsnap nie.

84 Daarom, my kinders, leef julle volle lewe in lydsaamheid en sagmoedigheid, sodat julle die ewigheid wat gaan kom, sal beêrwe.

85 En elke hou en elke wond en elke skroeiende hitte en elke bose woord, as dit na jou kom ter wille van God, verduur dit;

86 en alhoewel jy sal kan vergeld, moenie teen jou naaste vergeld nie, want vergelding kom God toe, Hy sal jou Wreker op die dag van oordeel wees.

87 Verduur die verlies van jou goud en jou silwer ter wille van jou broer, sodat jy hemelse skatte op die dag van oordeel mag ontvang.

88 En steekjou hande uit na die weduwees en die wese, en help die armes met al jou mag, en hulle sal 'n beskerming wees in die tyd van beproewing.

89 Elke harde en swaar juk, as dit na julle kom ter wille van God, verduur dit, en so sal julle jul beloning ontvang op die dag van die oordeel.

90 Dit is goed om in die oggend en in die middag en in die aand van die dag in die huis van God in te gaan en die Skepper van alle dinge te verheerlik.

91 Geseënd is die man wat sy hart oopmaak vir lofprysing en wat God loof: vervloek is hy wat sy hart oopmaak vir verguising en om sy naaste beskinder.

92 Geseënd is die man wat sy mond open en God seën en verheerlik: vervloek is hy wat sy mond oopmaak om te vloek en te laster in die teenwoordigheid van God.

93 Geseënd is die man wat al die werke van God eer: vervloek is hy wat die skepping van God beskimp.

94 Geseënd is die man wat die werke van sy eie hande aanskou om dit tot stand te bring: vervloek is hy wat na 'n geleentheid soek om die werke van ander te vernietig.

95 Geseënd is die man wat afkyk en dié wat geval het, ophef: vervloek is hy wat kyk en gretig is vir die vernietiging van wat nie aan hom behoort nie.

96 Geseënd is die man wat die ou fundamente van die vaders onderhou: vervloek is hy wat die wette van die vaders en die grense vernietig.

97 Geseënd is die man wat vrede saai: vervloek is hy wat die vrede van ander vernietig.

98 Geseënd is die man wat vrede spreek, en vrede sy met hom: vervloek is hy wat geen vrede spreek en in wie se hart geen vrede is nie.

(98 Geseënd is hy wat met 'n nederige mond en hart spreek: vervloek is hy wat vrede met sy mond spreek, terwyl daar geen vrede in sy hart is nie, maar die swaard.)

99 Want al hierdie dinge sal openbaar gemaak word in die weegskale en in die boeke op die dag van die groot oordeel.

100 Dus, my kinders, bewaar julle harte van die kwaad, volgens die balans van die lig, wees erfgename vir ewig.

101 Julle mag nie sê: ons vader is by God en in antwoord op sy gebede sal ons sondes vergewe word nie.

102 Julle sien dat ek al die dade van die mens opteken; en niemand kan vernietig wat my hand geskryf het nie, want God sien alles.

103 Dus nou, my kinders, luister na al julle vader se woorde, alles wat ek aan julle sê: sodat dit 'n erflating van vrede vir julle sal wees.

104 En die boeke wat ek aan julle gegee het, moet dit nie wegsteek nie: verduidelik dit aan almal wat



die begeerte het om daarin te kyk, want hulle mag miskien die werke van God herken.

105 Want kyk, my kinders, die dag van die aangewese tyd kom nader, en die aangewese tyd laat my geen keuse nie, die engele wat saam met my moet gaan, staan voor my: en môre sal ek opgaan tot in die hoogste hemel, na my ewige erfenis.

106 Dit is waarom ek julle beveel, my kinders, om al die dinge van God te doen.

## HOOFSTUK 14

### **Metúsalag roep die oudstes bymekaar**

Metúsalag het sy vader Henog geantwoord: Watter soort voedsel, Vader, wil u hê moet ons vir u gereed kry, sodat u ons huise kan seën en u seuns, en u hele huishouding, om u mense te verheerlik voordat u weggaan?

2 En Henog het sy seun geantwoord en gesê: Luister, my kind, van die dag af wat God my gesalf het met die olie van sy heerlijkheid, het ek nog geen voedsel ingeneern nie: voedsel is van geen waarde vir my nie en ek het geen behoefte aan aardse voedsel nie.

3 Maar roep jou broers en die hele huishouding en die oudstes van my volk sodat ek met hulle kan praat en dan vertrek.

4 En Metúsalag het haastig gegaan en sy broers Regim en Ariim en Agasugan en Garimion en al die oudstes van die volk bymekaargeroep; en hy het hulle na sy vader Henog gebring, en hulle het voor hom neergebuig.

5 En Henog het hulle ontvang en hulle geseën en hy het hulle geantwoord en gesê:

## HOOFSTUK 15

### Henog praat met die oudstes van die volk

Luister, my kinders. In die dae van julle vader, Adam, het God na die aarde gekom om dit en ook al die kreature wat Hy self gemaak het, te besoek.

2 Toe het God al die vee van die aarde en al die reptiele van die aarde en al die voëls met vlerke ontbied, en hulle na jul vader, Adam, gebring sodat hy name aan alles op aarde moes gee.

3 En God het hulle by hom gelaat en hy het elke ding aan hom onderwerp as sy mindere en gehoorsaam aan die mens.

4 Want God het die mens geskape en hom aangestel oor al sy besittings: om die mens se ontwil sal daar geen oordeel wees vir 'n enkele siel van die dier van die veld nie, maar slegs vir die mens, want die mens het 'n spesiale plek.

5 Daar is een plek in die Groot Eon vir al die siele van die vee, en een kraal en een weiveld;

6 want die siel van 'n dier wat God gemaak het sal nie vergaan voor die dag van oordeel nie, maar alle siele sal die mens bekuldig.

7 Die mens wat die siel van 'n dier sleg voed, oortree teen sy eie siel; maar die mens wat 'n vlekkelose offerande van 'n dier aanbied — genees sy eie siel.

8 En die mens wat 'n vlekkelose offerande van voëls aanbied — dit is genesing vir sy siel.

9 En alles wat julle as voedsel het, bind dit by vier bene vas —dit is genesend (hy genees sy eie siel).

10 Die mens wat 'n dier doodmaak sonder om hom vas te bind — dit is 'n bose gebruik (hy oortree teen sy eie siel).

11 Die mens wat in die geheim 'n dier beseer — dit is 'n bose gebruik (hy oortree teen sy eie siel).

12 'n Mens wat 'n ander se siel benadeel, benadeel sy eie siel; en daar is vir hom nooit enige genesing nie.

13 'n Mens wat moord pleeg, maak sy eie siel dood; en daar is vir hom nooit genesing nie.

14 Die mens wat vir 'n ander 'n strik stel, val self daarin, en daar is vir hom nooit genesing nie;

15 en 'n mens wat 'n ander voor die hof sleep, sy eie oordeel sal tot in ewigheid nie ophou nie.

16 Nou daarom, my kinders, hou julle harte weg van die ongeregtheid wat God haat, en bo alles, van elke lewende siel wat deur God gemaak is.

17 Soos wat 'n mens God vra vir sy siel, so sal hy aan elke lewende wese doen, want in die Groot Eon is daar baie woonplekke vir die mens voorberei, sommige baie goeie huise en ander ontelbare bose huise.

18 Geseënd is die mens wat in die geseënde huise ingaan, want in die bose is daar geen moontlikheid van bekering nie.

19 En as 'n mens hom in sy hart voomeem om 'n geskenk aan God aan te bied, en sy hande doen dit nie, dan sal God die werke van sy hande tot niks bring, sodat daar geen wins daarin is nie.

20 As sy hande dit doen en sy hart verskil van mening, selfs al sou die twyfel in sy hart voortduur, sal dit hom nie skade bring nie.

21 Geseënd is die man wat in geduld 'n geskenk aan God aanbied, want hy sal sy beloning kry.

22 En as 'n mens belowe dat hy op 'n gegewe tyd 'n geskenk aan God sal aanbied en dit doen, dan sal hy sy beloning kry;

23 maar as die tyd wat hy gestel het verbygaan, en tog kom hy sy belofte daarná na, en dit is werklik berou, sal hy nogtans nie geseën word nie, want elke vertraging is 'n rede tot krenking.

24 En as 'n mens die naaktes klee en brood gee aan die wat honger het, sal hy sy beloning ontvang, maar as sy hart anders voel, sal hy 'n verloorder wees en niks wen nie.

25 En as die arm man versadig is en sy hart is hoogmoedig, dan sal hy al die voorspoed verloor en geen voordeel kry nie; want God verag 'n hoogmoedige mens.

## HOOFSTUK 16

### Die volk groet Henog

En so het dit gekom dat toe Henog met sy seuns en met die prinse van die volk gepraat het, het al die mense en al sy naastes (die hele volk) God na Henog hoor roep.

2 En hulle het saam besluit en gesê: Laat ons gaan en vir Henog groet.

3 En omtrent tweeduisend mans het bymekaargekom en gegaan na die plek Asugan waar Henog en sy seuns was en die oudstes van die volk.

4 En almal het Henog gegroet en gesê: Jy, wie God, die ewige Koning, geseën het, seën nou jou volk en verheerlik ons in die oë van God, want God het jou uitgekies en jou aangewys om ons sondes weg te neem.

## HOOFSTUK 17

### Henog praat met die volk

En Henog het sy volk geantwoord en gesê: Luister, my kinders. Voor alle dinge was, voor die skepping plaasgevind het, het God die tyd van die skepping vasgestel.

2 Daarna het Hy sy hele skepping geskape, beide dit wat sigbaar is en dit wat onsigbaar is; en ná dit alles het Hy die mens na sy eie beeld geskape,

3 en Hy het in hom oë geplaas om te sien en ore om te hoor en 'n hart om te dink en 'n verstand om te oorweeg.

4 Toe het God die jaar tot voordeel van die mens georden en Hy het dit verdeel in seisoene en in ure sodat die mens die veranderinge en die einde van die seisoene kan waarneem, die begin van die jare en die einde van die maande en dae en die ure, en dat hy die lengte van sy eie lewe kan meet.

5 Wanneer die hele skepping wat deur God tot stand gebring is tot 'n einde kom, en elke mens na die Groot Oordeel van God gaan, dan sal die seisoene vergaan, en daar sal geen jare meer wees nie,

6 ook sal die maande en die dae en die ure nie meer bereken word nie, maar daar sal 'n enkele Eon wees.

7 En al die regverdiges wat God se oordeel ontsnap, sal verenig word met die Groot Eon, en die Eon sal verenig met die regverdiges en hulle sal vir ewig lewe.

8 En hulle sal geen arbeid meer hê nie, nóg lyding, nóg smart nog vrees vir vervolging, nóg barensweë, nóg nag, nóg duistemis,

9 maar hulle sal om hulle 'n groot en wonderlike lig vir ewig hê en 'n onvernietigbare muur en in die groot Paradys sal hulle die skuiling hê van 'n ewige woonplek.

10 Geseënd is die regverdige wat die oordeel van God sal ontsnap, want hulle gesigte sal so helder soos die son skyn.

11 So nou, my kinders, bewaar julle siele van alle ongeregtigheid, van alles wat God haat.

12 Leef jul lewens asof in die teenwoordigheid van God en dien Hom alleen en bring aan Hom elke offerande wat verorden is.

13 As julle opkyk na die hemel, God is daar, want God het die hemel geskape: as julle na die aarde en na die see kyk, en julle die dinge onder die aarde aanskou, God is daar ook, want God het alles geskape.

14 Niks wat julle doen, kan verborge wees van die oë van God nie.

15 Laat dit wees met lydsaamheid en sagmoedigheid en in die teistering van julle droefheid dat julle hierdie wêreld van lyding verlaat.

## HOOFSTUK 18

### Henog word weer in die hemel opgeneem

Terwyl Henog met sy volk gepraat het, het God 'n duisternis oor die aarde gestuur en dit was donker, en die duisternis het die mense wat by Henog gestaan het, oordek.

2 En die engele het gou gemaak en Henog opgeneem en hom gelei tot by die hoogste hemel; en God het hom ontvang en Hy het hom in sy Teenwoordigheid vir ewig geplaas.

3 En die duisternis het van die aarde gewyk en dit was lig en die mense het gesien en verstaan hoe Henog weggeneem is; en hulle het God verheerlik en teruggegaan na hulle wonings.

## HOOFSTUK 19

### Die bepaalde tyd waarop Henog op aarde was

Henog was gebore op die sesde dag van die maand Tsivan en het driehonderd vyf-en-sestig jaar geleef. Hy is opgeneem in die hemel op die eerste dag van die maand Tsivan en het vir dertig dae in die hemel gebly.

2 Hy het al hierdie tekens van die skepping wat God geskep het, neergeskryf en het driehonderd ses-en-sestig boeke geskryf, en hulle aan sy seuns oorhandig en vir dertig dae op die aarde gebly en hy is weer in die hemel opgeneem op die sesde dag van die maand Tsivan op die presiese dag en uur waarop hy gebore is.

3 Soos wat elke mens se natuur in hierdie lewe duister is, so is ook sy bevrugting, geboorte en vertrek uit hierdie lewe. Op die oomblik van sy bevrugting, op daardie oomblik is hy gebore en op daardie oomblik het hy ook gesterf.

## HOOFSTUK 20

### Metúsalag bou 'n altaar

En Metúsalag het gou gemaak ... en sy broers, die seuns van Henog, en hulle het 'n altaar gebou op die plek Asugan waar Henog weggeneem is en hulle het skape en vee geneem en dit voor God geoffer.

2 En hulle het al die mense wat saam met hulle was bymekaareroep om fees te vier; en die mense het geskenke vir Henog se seuns gebring en hulle was vrolik en hulle het hul vir drie dae lank verbly.

## HOOFSTUK 21

### Metúsalag word Hoëpriester

Op die derde dag met sononder, het die oudstes van die volk na Metúsalag gekom en gesê:

2 Gaan en staan voor God en voor jou volk en voor die altaar van God en jy sal deur jou volk verheerlik word.

3 En Metúsalag het sy volk geantwoord: Die Almagtige self, Hy sal self 'n priester uit die volk oproep.

4 En die volk het die hele nag daar by die plek Asugan gewag en Metúsalag het by die altaar gebly en tot God gebid en gesê:

5 Ewige God, die enigste God, wat ons vader, Henog, uitverkies het, U, o God, moet 'n priester vir u volk aanwys, en aan hulle harte begrip gee om u Heerlikheid te vrees en alles te doen volgens u wil.

6 En Metúsalag het aan die slaap geraak en God het aan hom in 'n visioen in die nag verskyn en aan hom gesê:

7 Luister, Metúsalag, Ek is God, die God van jou vader, Henog: luister na wat jou volk sê en staan voor hulle en voor my altaar en Ek sal jou voor my volk verheerlik al die dae van jou lewe.

8 En Metúsalag het opgestaan uit sy slaap en Hom wat aan hom verskyn het, geseën.

9 En die oudstes van die volk het in die oggend na Metúsalag gekom en God het Metúsalag se hart verander sodat hy geluister het na wat die volk sê en hy het aan hulle gesê: Die Almagtige onse God, laat Hom doen wat hierdie volk wil hê.

10 Sarsan en Garmis en Sazas en die oudstes van die volk het gou gemaak en Metúsalag opgetooi in pragtige klere en het 'n skitterende kroon op sy kop geplaas en die volk het gou skape en vee en allerhande soorte voëls wat aangewys is, gebring sodat Metúsalag voor God en voor die volk kon offer.

11 Metúsalag het na die altaar opgegaan na God, soos die môrester wanneer dit opkom, en die hele volk het hom gevolg.

12 Metúsalag het by die altaar gestaan en die hele volk was om die altaar vergader.

13 En die oudstes van die volk het die skape en die vee geneem en hulle vier bene vasgebind en hulle by die kop van die altaar neergelê en die volk het aan Metúsalag gesê: Vat jou mes en slag hierdie aangewese slagoffers voor God.

14 En Metúsalag het sy hand na die hemel uitgestrek en God aangeroop en gesê:

15 O ek, my God, wie is ek om te staan by die hoof van u altaar en aan die hoof van u volk! En nou, Almagtige God, sien neer op u dienskneg en op die hoofde van u hele volk en op al diegene wat uitverkies is en genade aan u dienskneg voor hierdie volk dat hulle mag verstaan dat U verorden het 'n priester vir u volk.

16 Terwyl Metúsalag gebid het, het die altaar geskud en die mes het van die altaar af in die lug opgestyg en in Metúsalag se hand gespring voor die hele volk.

17 En die volk het gebewe en God verheerlik; en Metúsalag was van daardie dag af voor God vereer en voor die hele volk.

18 En Metúsalag het die mes geneem en alles wat die volk gebring het, geslag.

19 En die volk was verheug en was vrolik voor God en voor Metúsalag op daardie dag; en daarna het elkeen na sy eie huis gegaan.

## HOOFSTUK 22

### God verskyn in 'n droom aan Metúsalag

Maar Metúsalag het van daardie dag af as die hoof van die altaar gestaan en as die hoof van die volk.

2 In die jaar 1480 (sedert die skepping van Adam) het hy die hele aarde verken en almal opgesoek wat in God geglo het en ook die wat afvallig geraak het:

3 Hy het hulle reggehelp en bekeer; en geen man kon gevind word wat afvallig was van die weë van God nie, al die dae wat Metúsalag geleef het.

4 En God het Metúsalag geseën in sy offerandes en geskenke in al sy bediening voor God.

5 En toe Metúsalag se dae naby hulle einde was, het God aan hom in die nag in 'n visioen verskyn en aan hom gesê : Luister, Metúsalag, Ek is die God van jou vader, Henog.

6 Ek wil hê jy moet weet dat die dae van jou lewe hier op 'n einde is en dat die dag van jou rus nader kom.

7 Roep Nir, jou seun Lameg se tweede seun, en klee hom in jou heilige klere en plaas hom by my altaar en vertel hom alles wat gedurende sy lewe sal gebeur. Want die tyd kom vir die verwoesting van die hele aarde en van elke mens en ding wat op aarde beweeg.

8 Want gedurende sy lewe sal daar groot wanorde op aarde wees, want die mens het afgunstig op mekaar geword; en mense sal mense onderdruk en nasie sal teen nasie oorlog voer: die hele aarde sal gevul word met bloed en met bese wanorde.

9 Meer nog, hulle sal afvallig raak van hulle Skepper en aanbid wat in die hemele bevestig is en wat op die aarde beweeg en die golwe van die see; en die teenstander sal homself vergroot en hom verbly in wat hulle doen tot my verdriet.

10 Die hele aarde sal sy orde verander, en al die vrugte en al die gras sal hulle seisoene verander, want hulle sal wag op die tyd van vernietiging; en al die nasies van die aarde sal afvallig raak en alles wat Ek begeer.

11 En dan sal Ek die afgrond beveel en hy sal homself uitstort op die aarde, en die skatte van die waters van die hemele sal hulle uitstort op die aarde en alles sal sonder vorm wees soos dit in die begin was;

12 en die ganse struktuur van die aarde sal vergaan, en die hele aarde sal bewe en sy standvasigheid verloor van daardie dag af.

13 En dan sal Ek vir Noag, Lameg se oudste seun, bewaar; en Ek sal uit sy nageslag 'n ander wêreld voortbring, en sy nageslag sal vir altyd bestaan (in stand bly).

14 En toe hy uit sy slaap opstaan, was Metúsalag baie bekommerd oor sy droom.

15 Hy het al die oudstes van die volk geroep en hulle alles vertel wat God aan hom gesê het en die visioen wat God aan hom openbaar het en hulle het hom geantwoord:

16 God het die mag om te doen wat Hy wil; dus moet jy nou alles doen wat God jou gesê het.

17 Metúsalag het Nir, Lameg se tweede seun, geroep en hom voor die hele volk in die priesterlike kleed getooi en hy het hom by die hoof van die altaar



geplaas en hom alles geleer wat hy onder die volk moet doen.

18 En Metúsalag het aan die volk gesê: Aanskou Nir! Aanskou, hy sal van vandag af julle leier wees en die gids van die prinse.

19 En die volk het Metúsalag geantwoord: Mag die Woord van God oor ons vervul word soos wat Hy aan jou belowe het.

20 En terwyl Metúsalag met die mense gepraat het, was sy gees gekwel en hy het op sy knieë geval en sy hande uitgestrek na die hemel en tot God gebid en terwyl hy bid, het sy gees hom verlaat.

21 Nir het gou gemaak, asook die hele volk, en 'n graftombe vir Metúsalag gebou; en hulle het wierook en soetriet en baie dinge daarin gesit om dit te heilig.

22 En Nir en die volk het gegaan en Metúsalag se liggaam in die tombe wat hulle vir horn gebou het, neergelê en dit toegemaak.

23 En die volk het gesê: Geseënd is Metúsalag voor God en voor die hele volk.

24 Daarna het hulle bymekaargekom en Nir het aan die volk gesê: Maak gou vandag en bring die skaap en die bul ... en die tortelduif en die duif sodat ons voor God kan offer en Hy sal Hom verbly in vandag, en gaan dan terug na julle eie huise.

25 En die volk het na Nir, die priester, geluister: hulle het gou gemaak en die offergoed gebring en hulle vasgebind by die hoof van die altaar en Nir het die offermes geneem en voor God geoffer.

26 En die volk het gou gemaak en gedoen wat aan hulle gesê is en hulle was die hele dag lank vrolik voor God: hulle het die Almagtige God, die Verlosser van Nir, voor die volk verheerlik.

27 Van daardie dag of was daar vrede en orde dwarsoor die hele aarde in Nir se dae, vir tweehonderd en twee jaar lank.

28 En daarna het die volk van God afvallig geraak en jaloers op mekaar begin word: en mense het teen mense opgestaan en nasie het teen nasie in stryd opgestaan en daar was groot opskudding.

29 En Nir, die priester, het daarvan te hore gekom, en hy was baie ontsteld en het aan homself gesê: Die tyd het gekom dat die woorde vervul word wat God tot my grootvader Metúsalag gespreek het.

## HOOFSTUK 23

### Nir se vrou sterf en 'n seun word gebore

En kyk, Sofonima, Nir se vrou, was onvrugbaar en het vir Nir geen kinders gebaar nie.

2 En Sofonima was ver in jare gevorder en baie naby haar dood; en sy is bevrug al het Nir, die priester, nie met haar gemeenskap gehad sedert die dag dat God hom voor die volk geplaas het nie.

3 Sofonima was beskaamd en het dag vir dag weggekrui en nie een van die volk het geweet nie; en die dag het aangebreek dat sy geboorte moes skenk.

4 En Nir het aan sy vrou gedink en haar na hom geroep in sy huis om met haar te praat; en Sofonima het na haar man gegaan, en kyk, sy was op die punt om geboorte te gee.

5 En toe Nir haar sien, het hy hom vir haar geskaam en hy het aan haar gesê: Hoekom het jy dit gedoen, vrou, en skande op my gebring voor die hele volk?

6 En nou, weg van my: gaan na waar jy so skaamteloos bevrug is, ingeval ek my hande op jou besoedel en sondig voor God.

7 En Sofonima het haar man geantwoord en gesê: Kyk, my heer, ek is ver in jare gevorder en geen jeugdige begeertes is nog in my oor nie: Ek weet nie hoe ek in my onskuld bevrug kon word nie.

8 Nir het haar nie geglo nie en hy het aan haar 'n tweede keer gesê: Weg van my, ingeval ek aan jou slaan en voor God sondig.

9 En terwyl Nir met sy vrou gepraat het, het Sofonima voor Nir se voete neergeval en gesterf.

10 En Nir was baie ontsteld en het aan homself gesê: Is dit oor wat ek gesê het dat dit met haar gebeur het?

11 Maar nou is die ewige God genadig, want ek het geen hand teen haar opgelig nie.

12 Nir het gou gemaak en die deure van sy huis gesluit en na sy broer, Noag, gegaan en hom alles vertel wat met sy vrou gebeur het.

13 En Noag het gou gemaak en na sy broer se huis gegaan; en sy broer se vrou was duidelik dood, en sy was op die punt om geboorte te skenk.

14 En Noag se aan Nir: Moet jou nie ontstel nie, Nir, my broer, want God het ons skaamte vandag bedek, aangesien niemand van die volk hiervan weet nie; en maak gou, laat ons haar begrawe en God sal ons skande bedek.

15 En hulle het Sofonima op 'n bed neergelê en haar in swart klere aangetrek en die deur toegemaak en in die geheim 'n graftombe gaan uithol.

16 En toe hulle uitgegaan het na haar graf, het die kind uit die lyk van Sofonima gekom en op die bed gesit.

17 Noag en Nir het ingekom om Sofonima te begrawe en hulle het die kind gesien wat by die lyk gesit het en hy het 'n kledingstuk aangehad.

18 Noag en Nir was baie verskrik, want die kind se liggaam was volmaak: hy het met sy mond gepraat en God geseën.

19 Noag en Nir het na hom gestaar en gesê: Dit is die werk van God, my broer.

20 Kyk, die seël van die priesterskap was op sy bors en hy was 'n vreugde om te aanskou.

21 En Noag het aan Nir gesê: Broer, kyk, God sal die heilige tabernakel ná ons herstel.

22 En Nir en Noag het gou gemaak en die kind gewas en hom getooi in die priesterlike klere, en hulle het hom brood gegee wat geseën was en hy het dit geëet en hulle het hom Melgisedek genoem (God is geregtigheid).

23 En Noag en Nir het Sofonima se liggaam geneem en die swart klere van haar afgehaal: en hulle het haar liggaam gewas en haar geklee in skitterende en kosbare klere.

24 En hulle het vir haar 'n graftombe gebou; en Noag het gegaan en Nir en Melgisedek, en hulle het haar openlik met eer begrawe.

25 Noag het aan sy broer gesê: Hou die kind in die geheim tot die aangewese tyd, want die mens se boosheid het oral op die aarde vermeerder en as hulle hom sien, sal hulle 'n manier vind om hom dood te maak.

26 En Noag het huistoe gegaan

27 En kyk, in die dae van Nir het al die soorte ongeregtheid tot 'n groot mate orals op die aarde vermeerder; en Nir was baie ontsteld, en nog meer oor die kind en hy het gesê: Wat kan ek vir hom doen?

28 Nir het sy hande na die hemel uitgestrek en God aangeroop en gesê: Helaas, ewige God, alle soorte ongeregthede het grootliks op die aarde in my dae vermeerder en ek kan aanvoel dat ons einde naby is.

29 Wat kan ek vir hom doen, sodat hy nie betrokke sal wees by ons in hierdie vernietiging nie?

30 God het Nir gehoor en aan hom in 'n visioen in die nag verskyn en aan hom gesê: Aanskou, Nir, die verdorwenheid van die aarde is oral: Ek sal dit nie langer verduur of uithou nie.

31 Kyk, Ek gaan baie gou 'n groot vernietiging oor die aarde bring, maar Ek het geen bekommernis oor die kind nie, Nir, want na 'n klein rukkie sal Ek my aartsengel Gabriël stuur en hy sal die kind neem en hom in die Paradys van Eden plaas.

32 Hy sal nie vergaan saam met dié wat op die punt staan om te vergaan nie, want Ek het hom as 'n teken gestuur — hy sal vir My 'n priester van priesters vir ewig wees — Melgisedek, en Ek sal hom eenkant sit, en Ek sal van hom 'n groot volk maak wat My sal eer.

33 Nir het uit sy slaap opgestaan en God wat aan hom verskyn het, geseën en gesê: Geseënd is U, God van ons vaders, wat nie oneer oor my priesterskap laat val het nie of oor die priesterskap van my vaders nie, want u Woord het 'n hoëpriester in die baarmoeder van my vrou Sofonima geskep.

34 Want ek het geen kinders gehad nie en hierdie kind sal in die plek van my eie kinders wees en my seun word;

35 en U sal hom by u diensknegte tel met Sonfi en Onog en Rusi en Milam en Serug en Arusan, Nail en Henog, en Metúsalag en u dienskneg Nir, en Melgisedek sal die hoëpriester wees in 'n ander geslag.

36 Want ek weet dat hierdie geslag sal eindig in verwarring en almal sal vergaan, en Noag, my broer, sal bewaar bly vir 'n ander geslag om die vader daarvan te wees,

37 en uit sy familie sal 'n talryke volk voortspruit en Melgisedek sal die hoëpriester onder 'n volk wees wat u onderdane sal wees, o God, en U sal dien.

38 En toe die kind vir veertig dae in Nir se huis was, het God aan die aartsengel Gabriël gesê: Gaan af na die aarde, na Nir, die priester, en neem die kind Melgisedek wat by hom is en sit hom in die tuin van Eden om hom veilig te bewaar.

39 Want die tyd is baie naby dat Ek al die waters oor die aarde sal loslaat en alles wat op die aarde is, sal vergaan en Ek sal hom 'n plek van eer in 'n volgende geslag gee, en Melgisedek sal die hoëpriester van daardie geslag wees.

40 En Gabriël het gou gemaak en in die nag afgevlieg; en daardie nag was Nir aan die slaap op sy bed en Gabriël het aan hom verskyn en gesê:

41 So sê God aan Nir, laat die kind wat Ek aan jou toevertrou het, na My toe kom.

42 Nir het nie herken wie dit was wat met hom gepraat het nie en hy was baie ontsteld en het aan homself gesê: Kan dit wees dat die volk weet van die kind om hom weg te vat en dood te maak?

43 (want die volk se gedagtes en voornemens was boos in die oë van God). En hy het Gabriël geantwoord en gesê: Ekhet geen kind nie en ek weet ook nie wie dit is wat met my praat nie.

44 En Gabriël het hom geantwoord: Moenie bevrees wees nie, Nir, ek is die aartsengel Gabriël: God het my gestuur, en kyk, ek gaan jou kind vandag neem en ek sal gaan en hom in die Paradys van Eden sit.

45 En Nir het sy eerste droom onthou en hy het geglo en Gabriël geantwoord: Geseënd is die God wat jou vandag na my gestuur het; en nou seën u

dienskneg, Nir, en neem die kind en doen met hom alles wat aan u gesê is.

46 En Gabriël het die kind Melgisedek daardie nag op sy vlerke geneem en hom in die Paradys van Eden geplaas.

47 En toe Nir in die oggend wakker word en in die huis ingaan, het hy die kind nie gevind nie; en dit was vir Nir 'n teken van beide groot blydschap en groot droefheid, want die kind het vir hom geword soos 'n eie seun.



## 'n Fragment uit Die Boek van Noag

Na 'n aantal dae het my seun, Metúsalag, 'n vrou geneem vir sy seun, Lameg (Luk. 3:36-38), en sy het by hom swanger geraak en 'n seun gebaar.

2 Sy liggaam was wit soos sneeu en rooi soos 'n roos wat blom, en die hare van sy hoof en sy lang lokke was wit soos wol, en sy oë was pragtig. En toe hy sy oë oopmaak, het hy die hele huis verlig soos die son, en dit was baie helder in die huis.

3 Hy het opgestaan in die hande van die vroedvrou en het sy mond oopgemaak en met die God van regverdigheid gespreek.

4 Sy vader Lameg was bang vir hom en het op die vlug geslaan, en Lameg het by sy vader Metúsalag gekom.

5 En by het aan hom gesê: Ek het 'n vreemde seun verwek, hy is verskillend van ons, en nie soos 'n mens nie, hy lyk soos die seuns van die God van die hemel; en sy aard is anders, hy is nie soos ons nie, en sy oë is soos die strale van die son en sy gesig is verheerlik.

6 Dit lyk nie vir my of hy uit my voortgespruit het nie, maar uit die engele; en ek vrees dat daar in sy dae 'n wonderwerk op die aarde voltrek sal word.

7 En nou, my vader, ek is hier om u te versoek en u te smee om na Henog te gaan, ons vader, en by hom die waarheid te leer, want sy woonplek is tussen die engele.

8 Toe Metúsalag die woorde van sy seun hoor, het hy na my (Henog) toe gekom aan die eindes van die aarde, want hy het gehoor dat ek daar was, en hy het hardop uitgeroep. Ek het sy stem gehoor en het

na hom toe gegaan, en ek het aan hom gesê: Kyk, hier is ek, my seun, waaroor het jy na my toe gekom?

9 En hy het geantwoord en gesê: Oor 'n saak van groot kommer het ek hierheen gekom en omrede van 'n ontstellende gesig, het ek u genader.

10 En hoor my nou, my vader: daar is 'n seun vir Lameg my seun, gebore; sy gelyke is nie te vinde nie, en sy geaardheid is nie soos 'n mens se geaardheid nie, en die kleur van sy liggaam is witter as sneeu en rooier as 'n roos in blom, en die kleur van sy hare is witter as wit wol, en sy oë is soos die strale van die son, en toe hy sy oë oopgemaak het, was die hele huis verlig.

11 Hy het opgestaan in die hande van die vroedvrou en sy mond oopgemaak en die God van die hemel geseën.

12 Sy vader Lameg was verskrik en het na my toe gevlug en wou nie glo dat hy die kind verwek het nie, want hy het soos die engele van die hemel gelyk; en daarom het ek na u gekom sodat u my kan vertel wat die waarheid is.

13 En ek, Henog, het hom geantwoord en aan hom gesê: God sal 'n nuwe ding op die aarde doen, en dit het ek reeds in 'n gesig gesien. Ek maak aan jou bekend dat in die geslag van my vader Jered het sommige van die engele van die hemel teen God se woord oortree.

14 En kyk, hulle het sonde gedoen en die wet oortree, en hulle met vroue verenig en sonde met hulle gedoen, en hulle het met sommige van hulle getrou, en kinders by hulle verwek.

15 En hulle het op die aarde reuse voortgebring, nie volgens die gees nie, maar volgens die vlees, en daar sal 'n groot straf oor die aarde kom en die aarde sal gereinig word van alle bedorwenheid.

16 Ja, daar sal 'n groot vernietiging oor die hele aarde plaasvind en daar sal 'n vloed wees en 'n groot vernietiging vir een jaar.

17 Hierdie seun wat vir jou gebore is, sal op die aarde agterbly en sy drie kinders sal saam met hom gered word: almal wat op die aarde is, sal sterf, maar hy en sy seuns sal gered word.

18 En maak dit nou bekend aan jou seun Lameg dat hy wat gebore is in der waarheid sy seun is, en noem hom Noag (die Hebreeuse woord vir Noag is Norch, en beteken om te rus) want hy sal vir julle gelaat word, en hy en sy seuns sal van die vernietiging gered word wat oor die aarde kom as gevolg van die sonde en al die ongeregtigheid, en dit sal in sy dae voltrek word.

19 En daarna sal daar selfs meer ongeregtigheid op die aarde wees as wat by die eerste oordeel voltrek is, want ek ken die geheime van die heiliges; want Hy, onse God, het dit aan my getoon en het my daaroor ingelig, en ek het dit op die hemelse tafels gelees.

Ek het gesien daarop is geskryf dat geslag na geslag sal oortree, totdat 'n geslag van geregtigheid sal opstaan, en oortreding vernietig is en sonde van die aarde of verdwyn het, en alle goedheid daarop sal kom.

2 En nou, my seun, gaan en maak bekend aan jou seun Lameg dat hierdie seun wat gebore is, in der waarheid sy seun is, en dat dit nie 'n leuen is nie.

3 Nadat Metúsalag die woorde van sy vader Henog gehoor het, want hy het alles in die geheim aan hom gewys, het hy teruggekeer en alles wat aan hom getoon is, aan die ander bekend gemaak en hulle het daardie seun Noag genoem: want hy sal die aarde troos ná daardie vernietiging.

